Woestyne

"Die wilde diere sal my vereer,
die jakkalse en die volstruise,
omdat Ek water gee in die woestyn,
riviere in die droë wêreld
om my volk, my uitverkore volk, se dors te les."
Jesaja 43:20

Doelwit: Om die Verkenner die geleentheid te bied om die ligging, invloed, waarde en gevare van woestyne te bestudeer.

Weergawe: 2009

Datum: Oktober2009

Begronding

Voortrekkerkode:

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensgerig en diensvaardig

ABC:

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	3 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan slegs in groepverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die gebeurtenis beskryf wat in die volgende Bybeltekste genoem word:
   - 1.1 Genesis 16: 6 – 10
   - 1.2 Genesis 21: 14 – 21
   - 1.3 Eksodus 3: 1 – 2
   - 1.4 Eksodus 4: 27
   - 1.5 Eksodus 13: 17 – 18
   - 1.6 Eksodus 15: 22 – 27
   - 1.7 Eksodus 17: 1 – 5
   - 1.8 Eksodus 19: 1 – 2
   - 1.9 Matteus 4: 1 – 4
   - 1.10 Numeri 14: 26 – 30, 33 - 35
   - 1.11 Matteus 3: 1 - 4

2. Basiese kennis oor die volgende wêreldbekende woestyne hê deur die volgende te doen:
   - 2.1 Op 'n wêreldkaart ten minste agt van die bekendste woestyne op elke vasteland aandui.
   - 2.2 Te noem watter woestyne die
     - 2.2.1 grootste
     - 2.2.2 oudste
     - 2.2.3 droogste
     - 2.2.4 koudste
     - 2.2.5 warmste
     - 2.2.6 hoogste bo seespieël, is.

HOU KOERS

3. Beskryf wat die belangrikste drie oorsake van woestynvorming is.

4. Beskryf wat ‘n yswoestyn is, waar dit voorkom en wat die tipiese klimaatstoestande daar is.

5. Beskryf wat die oorsaak van woestynindringing is.

6. Op ‘n kaart van Suider-Afrika die ligging van die Kalahari- en Namibwoestyn aandui. Bestudeer een van die twee woestyne ten opsigte van:
   - 6.1 Moontlike dorpe, nedersettings en toerisme ruskampe in die gebied.
   - 6.2 Ander menslike bedrywighede onder andere boerdery, mynbou, ensovoorts.
   - 6.3 Gevare van besoedeling of oorbenutting.

7. Reël ‘n kamp van ten minste 3 dae in ‘n bewaringsgebied en/of ‘n navorsingstasie in die woestyn van u keuse. Neem deel aan die volgende aktiwiteite gedurende die kamp:
   - 7.1 Doen navorsing oor moontlike geskiedkundige plekke of gebeure in die omgewing.
   - 7.2 Beskryf die invloed van droë rivierbeddings asook die invloed van diere-, plante- en menslike bed rywighede in die rivierbeddings.
   - 7.3 Beskryf watter diere- en plantelewe in die gruisvlaktes voorkom.
   - 7.4 Beskryf verskillende soorte duine en hulle vorming.
   - 7.5 Beskryf die insekte- en dierelewe in die duine.
   - 7.6 Lewer ‘n diens in die bewaringsarea ten opsigte van byvoorbeeld bestryding teen besoedeling.

8. Doen verslag oor hoe plante, diere en insekte aangepas het om in woestyne te oorleef. Die video “Namib” van Dr. David Hughes kan gekyk word om die beginsel te verduidelik.

9. Bespreek die voordele en nadele van toerisme in woestyngebiede.

10. Leer een liedjie, spreekwoord of gedig wat van toespassing is op woestyne .

Notas:

Die Namibwoestyn

Verlate, verdor, deur die lewe verstoot….
Is my wese, verbitterd met nyd.
En ek voer, in die diens van my meester- die dood met alles wat lewe, ‘n stryd.

Heet soos my sonskyn en diep soos my sand
En hard soos my berge se rots
Is die wreedheid van weerwraak wat binne my brand
Met die haat van bekrenkte trots.

Ek teken mirages met tergende spot
Vir verdwaaldes gemartel deur dors.
En my sande dans juigend met helse genot
Oor geraamtes verstrooid oor my bors.

Maar saans, as die mis oor my westelike strand
Soos ‘n lykkleed my kaaltes oordek.
En die nagwinde kerm oor my eindelose sand

En die skadu’s my lengte oortrek….
Dan word ek meteens deur weemoed omgewe
En ek smag na die wellus van groenheid en lewe
En ek sug …… in my eensame leed.